5 Mei 2019

FAMILIE TUISBLAD

Hand 9:1-6

ons storie

Vertel vir mekaar die belangrikste verhaal wat daar is. Julle storie van julle geloof. Hoe en waar het julle begin glo. Soms is dit 'n oomblik soos met Paulus in di everhaal maar soms is dit ook iets waarmee jy groot geword het soos Timoteus lees 2 Tim 1:5

ons nuwe storie

Omdat God ons die heeltyd soek en Homself aan ons openbaar is dit ons werk om ook vir Hom te soek. Om ons te leer hoe om van iets bewus te raak ('n bewussyn te ontwikkel) moet julle hierdie week tel hoeveel motors julle sien met 'n rooi L opgeplak. Dit staan vir leerling bestuurder. Hulle leer om te ry. Ons leer weer om vir God te soek.

GOD se storie

God drie-enig is die een na wie se beeld ons gemaak is en daarom soek Hy na ons die hele tyd. Nie omdat Hy nie weet waar ons is nie maar omdat ons nie weet waar Hy is nie.
Vir elke mens is hierdie soektog uniek. Soms moet die Here radikale goed doen soos met Paulus en soms weer glad nie. Die belangrikste is dat God nooit ophou nie. Die Here raak nooit so teleurgesteld in ons dat Hy moed opgee nie. Nee Hy probeer altyd weer want Hy is te lief vir ons. Hy hou selfs aan met Saulus wat Christene dood gemaak het net omdat hulle glo!

Rituele en gewoontes

Plak 'n rooi L op julle yskasdeur wat julle deurentyd herinner dat hulle besig is om te leer om God te soek.

Praat ook elek aand net vir 'n paar minute oor die dag en vra hoeveel motors julel gesine het asook of iemand iewers iets van die Here kon sien.